

Hoof Uitvoerende Beamppte

Beplanningsafdeling: Departement van Waterwese

Pretoria

Geagte Mnr van Niekerk

1/S Vermeerdering van Besproeiingswatertoekenning aan landbou

Na aanleiding van herhaalde gesprekke op verskeie vergaderings en u versoek op 'n vorige vergadering, in Oktober 2009, wil ons hiermee ons versoek skriftelik herhaal en motiveer.

In die vroeë 1990's is 157 kubieke meter water uit die Theewaterskloofdam aan die Bergrivier- en Riviersonderendskemas toegeken. As gevolg van stadige groei in die landbou, te wyte hoofsaaklik aan sanksies, kon die allokasie op daardie stadium nie opgeneem word teen die tempo waarteen beplan is nie. Daarteenoor het die Kaapse Metropool Industrieel en huishoudelik vinniger ontwikkel as wat aanvanklik beplan is, met 'n gevolglik groeiende behoefte aan water. Dit was sinvol om na onderhandelinge tussen die landbou streeksadvieskomitees en Waterwese tydelik 93 miljoen kubiek onbenutte landbou geallokeerde water van Theewaterskloofdam oor te dra na die Metropool, totdat nuwe bronne ontwikkel is. Daar was 'n onderneming dat die reëling slegs tydelik sal wees en dat die water terug geallokeer sal word aan landbou wanneer die nodige waterinfrastruktuur ontwikkel is met verwysing na o.a. die Bergrivierdam en ander bronne se beplanning. Daar was verder 'n onderneming gewees dat landbou die water kon terugkry soos ontwikkeling plaasvind ten einde nie landbou ontwikkeling in die gebied te strem nie.

In die lig van Swart Ekonomiese Bemagtiging (SEB) sowel as 'n behoefte om te ontwikkel is daar 'n dringende noodsaaklikheid aan addisionele water aangesien huidige toekennings van 4000 tot 6000 kubiek per hektaar te min is. In ander besproeiingsdistrikte soos byvoorbeeld die Breë- en Olifantsrivierskemas is die toekenning tussen 7000 en 11 000 kubiek per hektaar. Baie onbenutte vrugbare hoë potensiaal landbougrond geskik vir hoë waarde produkte is onbenut as gevolg van 'n watertekort. Die grond en addisionele water kan sinvol aangewend word vir groei in die landbou en verwante nuwe SEB projekte.

Die Benede-Bergrivier (12 de sub-Raad van die Hoof- Besproeiingsraad) se waterbron is die Voelvleidendam waaruit 7000 kubieke meter water per hektaar aan die landbou geallokeer is. Die boere ontvang egter slegs 3000 kubieke meter hiervan aangesien die res ook deur die Kaapse Metropool gebruik word. Die water bestem vir ekologie wat by Sonqwas Drift verby vloei lewer sowat 6.45 miljoen kubieke meter water wat neerkom op 1770 kubieke meter per ha indien dit toegedeel sou word aan die 3643ha somerregte. Die totale beskikbaarheid vir die boere is dus slegs 4770 kubiek in plaas van die 7000 kubiek wat geallokeer is met 'n gevolglike 2230 kubiek per hektaar tekort.

Die ontwikkeling van addisionele landbougrond gaan werkskepping bevorder en gevolglik maatskaplike voordele vir die onmiddellike omgewing inhou. Dit gaan meebring dat mense al meer terugkeer na die platteland met gevolglik minder druk op hulpbronne van die stedelike gebiede.

Vriendelike Groete



EC Malan

Voorsitter :Bergrivier Hoofbesproeiingsraad